ALBATROS NUUSBRIEF (MEI 2017)

Die 2de kwartaal is al goed aan die gang en ek skryf nou eers vir julle, maar soos Esme altyd se eerder laat as nooit.

Daar is so baie dinge op die oomblik aan die gang en een van hulle is ons jaarlikse dans in Julie. Bring asb al jul vriende en familie sodat ons lekker makietie kan hou. Ons tema is die 80's en ons wil kyk om die saal weer vol te maak.

Die kongres hierdie jaar is in die Kaap! Diegene wat nog nooit 'n kongres bygewoon het nie moet saam kom kamp by Ou Skip, sodat ons Albatros se naam hoog kan hou, maar meer daaroor nader aan die tyd.

Die kampoorde raak deesdae baie meer streng met betalings. Ons moet voor die tyd 'n deposito betaal om die besprekings te bevestig en dan die volle betaling voor ons daar aankom. Ons sal dus ons betalings manier moet verander deur te vra dat almal voor die tyd hul kampfooie oorplaas na Albatros deur middel van EFT. Lede wat nie toegang tot EFT het nie kan met graagte in kontak kom met ons om 'n alternatiewe oplossing te bespreek.

Die AJV lê om die draai en julle moet asb julle nominasies vir bestuurslede inhandig. Skurwekop is ons volgende kamp in Mei en daar sal ook nominasievorms beskikbaar wees vir die van julle wat nog nie 'n nominasievorm voltooi het nie. Ons hoop om sommer baie van julle daar te sien!

Albatros Groete,
Johan Jacobs

Ons April kamp by Rivierzicht het omtrent baie jolig gegaan. Die rivier met sy groot bome was elke kampeerder se droom gewees. Die vislyne het heel naweek ietsie gesoek wat byt en 'n paar lede was omtrent gelukkig met 'n mooi byt of twee. Ons was 'n mooi groot totaal van 23 lede en 7 gaste.





Johan Jacobs was bestuur, Louise Viljoen kampleier en Christel Sadler was ons kuiken vir die naweek.





Dit was 'n lekker langnaweek waar ons bietjie rus kon kry.














Christel het vir ons die heerlikste bootrit op die rivier gerëel en almal van jonk tot oud het hulle baie geniet.








Ek is seker almal was in die rivier om bietjie af te koel op die warm sonskyn dae. Die kindertjies was van soggens 7:00 af al in die water tot saans 19:00









Sondag oggend het ons weer so 'n paar aansporings gehad met plaatjies vir die hoeveelheid streekkampe bygewoon: Werner en Maria Jordaan (10), Alma en Warnerr Staples (10), Linda en Lerouxna (20), Johan en Helouise Jacobs (30), Andre en Riana Potgieter (170). Johan Jacobs sluit die oggend vir ons af met boekevat.

Na kerk begin die manne met die hoogtepunt van die naweek, die potjiekos kompetisie. Ons het 9 deelnemers gehad wat almal hul beste potjies voorgesit het vir die trofee.








THE
NORTH
FACE


Ons beoordelaars, Pieter, Hester en Gideon Brand het hul monde behoorlik vol gehad met die proe van elkeen se meesterstuk.




Tafels is versier en alles is uitgehaal om hierdie beoordelaars te beindruk.










Alhoewel al die potjies absoluut heerlik was het die eerste drie plekke gegaan aan:

3de plek - Brad en Almarie Kotze se lamsboud pot met souskluitjies.



2de plek - Leon Fester en Clint met hulle Oxtail potjie.




.....EN DIE 1ste plek HET GEGAAN AAN DIVAN EN ESMERALDA!!!

Hulle Wildspot met Stampmielies maak hulle die 2017 potjiekos kampioene.






Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het en al die kampeerders wat die lang naweek saam met ons geniet het.  Ons maak weer so by Skurwekop. Hoop om julle daar te sien!